

Gebed, geloof en vernuwing

Timothy Keller skryf in sy boek “Prayer” iets wat my diep getref het. Hy sê ons gebede word gevorm deur die beeld wat ons van God het. Eers as ’n mens God ken, kan jy regtig sinvol bid. En dan sê hy dit wat ons van God weet, word gevorm deur die Bybel, want die Bybel is die middel waardeur God Homself aan ons bekend maak.

As ons ons nie verdiep in God se Woord nie, bly ons gebede vlak en beperk, en ook uit voeling met die werklikheid, skryf hy. Want - en dit was vir my ontstellend - dit kan dan gebeur dat jy nie met die ware God besig is in jou gebede nie, maar met hoe jy wens God en die lewe was. As jy in jou denke oor God nie in die Bybel ingebed is en daardeur gevorm word nie, is jou hart geneig om ’n God te skep wat jou pas, maar wat nie bestaan nie. Keller gaan voort met die opmerking dat mense van Westerse kulture ’n God wil hê wat liefdevol en vergewend is, maar nie heilig, verhewe en bonatuurlik nie. Navorsing oor die geestelike lewens van jong volwassenes in Westerse lande het bevind dat hulle gebede daarom dikwels sonder ’n sondebeseft en berou is, en dat die vreugde van ’n wete dat hulle vergewe is ook ontbreek. Sonder gebed wat met die God van die Bybel besig is, praat ons net met onself.

Tot sover Timothy Keller. Dit het my laat nadink oor die vraag hoe ons geloof gevorm word. Keller is baie beslis daarvoor: deur die Bybel. Sonder die Bybel is ons geloof sonder inhoud en is dit wensdenkery, sê hy. Die digter van Psalm 1 is dit met hom roerend eens: Dit gaan goed met die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind en dit dag en nag oordink. Hy is soos ’n boom wat by waterstrome geplant is en waarvan die blare nie verwelk nie ... Dis ook wat die Heidelbergse Kategismus ons oor geloof leer: dit bestaan uit kennis en vertrouwe wat veranker is in die Bybel. Vraag 21 sê:

’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertrouwe, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.

Geloof is deurdrenk met die Woord van God. Gaan tel gerus die Bybel van 'n geestelik volwasse gelowige op. Jy sal merk dat dit 'n geleesde Bybel is. Dikwels is die blaaie verrimpel en aan die loskom van baie gebruik, en die buiteblad verslete. Dan weet jy waaruit die persoon se geloofsdiepte gevoed word. G'n wonder nie dat die Gereformeerde vaders die slagspreuk gehad het van *Sola Scriptura*, die Bybel alleen, want dít is die bron waaruit ons leef.

Die bekende prediker Charles Spurgeon het gesê jy kan maar oplet na iemand wie se Bybel uitmekaar val. So 'n persoon se se lewe val nie uitmekaar nie.

Ja, ons geloof word ook gevoed deur ons kontak met ander gelowiges, deur ons goeie werke en uitreik na ander. Daarsonder, skryf Jakobus, is ons geloof dood ([Jakobus 2:14 e.v.](#)). Maar dit begin nie daar nie, en kan nie net daaruit groei nie. Dit begin in ons binnekamer, waar ons die Woord eet soos 'n Esegiël van ouds ([Esegiël 3](#)) sodat dit deel van ons kan word; waar ons die Woord in ons hart bêre, soos [Psalm 119:11](#) (1953-vertaling) sê.

O, dat ons almal mense van die Woord sal wees!

Om te praat of nie te praat nie

Ons praat die anderdag oor daardie ongemaklike situasies waarin 'n mens soms kom, waar die gesprek of gebeure jou as gelowige erg ongemaklik maak, en jy dan onseker is wat die regte ding is om te doen. Sê jy iets, gaan jy aanstoot gee, en dalk ook aanstoot kry. Sê jy niks, is jy ontrou aan jou roeping om tydig en ontydig die woord te verkondig, soos Paulus in 2 Timoteus 4:2 skryf: "... verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee ..." Petrus skryf in dieselfde trant in 1 Petrus 3:15b: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."

Die gesprek het toe uitgekóm by die sieklike politieke korrektheid wat tans heers

en maak dat 'n mens te bang is om jou mond oop te maak. Ek glo ons as gelowiges moet heelwat meer moed aan die dag lê om presies te doen wat Paulus en Petrus ons aanraai. Party goed móét gesê word, hoe sleg dit ook al mag wees.

Maar dis nie altyd beter om te praat nie. Ongelukkig is dit so dat 'n mens ewe goedbedoelend soms meer kwaad as goed kan doen deur wat jy sê. Jy beland dalk by 'n bachelorette partytjie waar dit heelwat anders gaan as wat jy verwag het; die drank vloei, die stories is onder die belt, en dan daag 'n ontkleedanser ook nog op. Wat nou? Sê jy iets, gaan jy waarskynlik die mense wat die geleentheid gereël het, in die gesig vat, 'n klomp mense kwaad maak, en verder niks bereik nie. 'n Beter roete sal waarskynlik wees om op te staan en bloot te sê jy voel nie gemaklik met wat aan die gebeur is nie en jouself verskoon. Sonder om veel te sê het jy dan heeltemal genoeg gesê, sou ek dink.

Daar was 'n tyd toe ek op *Facebook* deelgeneem het aan al wat 'n debat was oor Jesus en oor geloof. Ek het uiteindelik, ná vele beledigings wat my kant toe geslinger is, tot die gevolgtrekking gekom dat 'n mens nie juis 'n wesenlike bydrae op só 'n manier kan lewer oor geloofskwessies nie. Jy oortuig niemand nie en dit rafel meestal uit en ontaard in 'n moddergooiery. 'n Uitspraak van Jesus wat my destyds finaal laat besluit het om my aan sulke debatte te onttrek, is dat 'n mens nie jou pêrels voor die varke moet gooi nie, want hulle sal dit met hulle pote vertrap ([Matteus 7:6](#)). Dis is presies hoe Jesus self gemaak het. Hy het nie gehuiwer om te sê wat gesê moes word nie, maar toe Hy onskuldig verhoor is, het Hy stilgebly ([Markus 14:61](#)). Veral treffend is sy swye toe Pilatus Hom na Herodes gestuur het. Herodes het net belang gestel om te sien hoe Jesus 'n wonderwerk of twee verrig, maar Jesus het hom niks geantwoord nie ([Lukas 23:8-9](#)).

Die Prediker skryf dat daar 'n tyd is vir alles; “'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat” (3:7). Insiggewend dat hy eerste noem stilbly, en dán praat. Te veel woorde word goedkoop woorde. En daarvan het ons oorgenoeg. Daarom moet ons Paulus se raad in Kolossense 4:6 ter harte neem: “Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.” En laat ons bid om die wysheid van Bo om te weet wanneer om stil te bly en wanneer om te praat. En as ons praat, ons dit só sal doen dat dit in goeie smaak en tot seën sal wees. Ons is immers die draers van hoop in hierdie stukkende en verwarde wêreld.

Sondig? (2)

Iemand het, na aanleiding van my blog “Sondig” van verlede week, opgemerk dat God in die Ou Testament baie streng was oor sonde. Mense het selfs gesterf as straf op sonde. Hy gaan verder en vra of dit dan nie vir ons ’n aanduiding behoort te wees dat ons baie ernstiger na die sonde moet kyk nie. Het die Nuwe Testament (Jesus se versoeningsterwe) nie veroorsaak dat ons God nou te ligtelik opneem nie?

Laat ek begin met ’n opmerking: Dit sal ’n baie groot fout wees om God te ligtelik op te neem, of om te meen dat ander reëls vandag geld as destyds. Jy maak ook ’n fout as jy dink dat God in die Ou Testament sommer links en regs sonde met die dood gestraf het.

Die waarde van die lewe in Bybelse tye

Ek dink ons kan ons moeilik terug verplaas in die Bybelse tye. Tóé het die samelewing anders gedink oor straf as wat tans die geval is. Lewens was goedkoop. Mense is maklik doodgemaak vir ’n verskillende klomp oortredings. Die talle oorloë het ook nie gehelp dat mense respek vir die lewe gehad het nie.

Interessant dat God teen dié traak-my-nie-agtigheid oor die lewe protesteer, selfs in die Ou Testament. In [Gen. 4](#) beskerm Hy Kain teen bloedwraak, en later weier Hy dat Dawid ’n tempel bou, omdat Dawid te veel bloed vergiet het ([1 Kron. 22:8](#)).

Vir God was die lewe van die begin af heilig; vandaar die sesde gebod: “Jy mag nie moord pleeg nie.” Ons moet egter aanvaar dat dit lank geneem het voordat die mense begin verstaan het dat menselebens in God se oë kosbaar is en nie sommer net beëindig mag word nie.

Oorgangstye

Dan is dit ook so dat Israel se geloof in hierdie klimaat gevestig moes word. Die straf wat God vir oortredings toegelaat en selfs beveel het, was in ooreenstemming met die tyd waarin hulle geleef het, en dus baie strenger as wat

ons sou verwag. Dit was egter noodsaaklik, omdat Israel moes leer dat God algehele gehoorsaamheid eis. Dit is hoe 'n mens Akan se dood ([Jos. 7](#)) moet verstaan: God het van Israel in hulle nuwe land algehele gehoorsaamheid geëis. Dieselfde geld vir Ananias en Safira se dood ([Hand. 5](#)). Die jong kerk moes onmisverstaanbaar leer dat integriteit en eerlikheid nie onderhandelbaar is nie.

Hier kom egter nog iets by, en dit is dat ons 'n onderskeid moet tref tussen die doodstraf as 'n staatkundige instrument om wet en orde te handhaaf ([Rom. 13:4](#)), en die dood as straf op sonde. Onthou dat Dawid die koning was. As hy in [2 Sam. 4](#) beveel dat die deugniete wat Is-Boset vermoor het, summier tereggestel word, was dit in die eerste plek as staatsman en regter.

Jesus

'n Verdere oorweging wat ons in gedagte moet hou, is wat Jesus ons geleer het. Sy boodskap was een van liefde en vergifnis, en ek dink nie ons siening vandag oor die kosbaarheid van menselewens kan van Jesus se leringe losgemaak word nie.

Dit is natuurlik 'n heel ander saak as dit oor sonde gaan. As ons vandag na sonde kyk, moet ons dit in die eerste plek doen as mense wat anderkant Golgota leef. Dáár het Jesus immers beslissend en eenmalig God se straf vir sonde betaal; ook my en jou sonde. Die kruis wys vir ons, meer as enige iets anders, hoe God oor sonde dink. Jesus se leringe van vergifnis en versoening en die ander wang draai verander niks aan die feit dat God die sonde haat nie.

Sonde vs. sondaar

Maar dan moet ons bysê: God haat die sonde, nie die sondaar nie.

Die Ou Testament help ons om iets daarvan te verstaan, maar uiteindelik is dit in Jesus se kruisdood wat ons dit die beste begryp. Sonde is 'n gruwel in God se oë. Ek en jy moet ook só oor sonde dink. Maar God het ons, mense, oneindig lief, en ek en jy moet ook.

In die lig van Jesus se offer behoort ons ernstiger oor sonde te dink, nie ligter nie.

Sondig?

Deel van my daaglikse stiltetyd-roetine is om die “[Daily Prayer](#)”-program van die Church of England te doen. Dié program begin elke oggend met ’n Skriflesing uit [Psalm 51](#); ’n skuldbelydenis, dus. By die nadink oor dié gebruik tref dit my hoe ’n groot deel van die Bybelse boodskap gaan oor sonde en skuld. Die hele Ou Testamentiese erediens het om die bevryding van skuld gegaan; vandaar die uitvoerige beskrywing van die offers en die priesterdiens. En – Jesus se sterwe op Golgota was presies hieroor: oor ons skuld en oor die verlossing uit ons sonde.

Martin Luther se groot vraag wat hom uiteindelik tot die stig van ’n nuwe kerk gebring het, was: “Hoe vind ek ’n genadige God?” Sy skuld en sy soeke na verlossing uit sy skuld het hom gedryf. Die vraag oor wat sonde is en hoe ons daarvan verlos kan word, is ook twee van die drie groot bene waarop die ganse Gereformeerde leer gebou is (die derde been is dankbaarheid). Skuldbelydenis vorm daarom ook ’n integrale deel van die liturgie van ’n tradisionele Gereformeerde erediens.

Vandag het mense al minder erg aan die sonde-vraag. Dikwels word skuldbelydenis nie meer in die erediens ingepas nie. En, so sê die verligte teoloë van ons tyd, sonde is nie eintlik so ’n kwessie nie. Dis maar net die kerk wat daarop hamer om ’n houvas op sy lidmate te kan hê. Eintlik gaan dit nie in die Bybel oor sonde en vergifnis en verlossing nie, maar om liefde tot God en die naaste.

Niks nuuts onder die son

Dis natuurlik nie ’n nuwe gedagte nie. Eeue lank reeds is daar stemme wat ons probeer wysmaak dat sonde nie eintlik so erg is nie. Die Franse filosoof Voltaire het al gesê: “God sal vergewe, dis sy werk.” Wat intussen verander het, is dat daar eintlik nie meer sprake van vergifnis is nie. Ons maak almal foute, ja, en dis in ons aard, maar van sonde en (nog erger!) erfsonde wil hulle niks weet nie. Jesus het ook nie gekom om vir ons sonde te kom betaal nie. Hy het ons net kom leer hoe ons God en ons naaste moet liefhê.

Het die mense van ouds wat so bewus was van hulle sonde, dit dan mis gehad? Het Jesus verniet gesterf? Nee, 'n duisend maal nee! Saam met Paulus ([Rom. 3:23-24](#)) bely ek met my hele hart: “Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.”

Dit is die evangelie.

Tyd

Ek gesels anderdag met iemand oor my gewaarwording dat ons tyd nodig het om in God se teenwoordigheid stil te kan wees. Ons het tyd nodig om te kan onderskei wat God se plan met ons is. Ons het tyd nodig om méns te wees. Maar ons het dikwels nie tyd nie, want ons is almal op een of ander manier deel van die rotteren.

In ons gesprek oor tyd merk ek toe op dat as ons nie tyd maak vir stil word in God se teenwoordigheid nie, gaan ons nie daarby uitkom nie. Toe sê hy ek hoef nie tyd te maak nie. 'n Mens het altyd tyd vir dít waaroor hy passievol is. Die vraag is of ek passievol is oor stil wees by God.

Dit het my laat dink aan wat Paulus geskryf het, dat ons die tyd moet uitkoop, want die dae is boos. Dis hoe ek sy woorde onthou. Toe gaan soek ek dit in die Bybel. Ek is nie so goed daarmee om teksverwysings presies te onthou nie, so ek gebruik meestal 'n Bybelprogram om iets te soek, veral as my liewe vrou nie naby is nie. Sy ken gewoonlik die teksverwysing uit haar kop. *Logos* (die program wat ek gebruik) sê toe vir my daar staan nie so iets in die 1983-vertaling (NAV) nie. Dit staan wel in die 1953-vertaling (OAV) in [Efesiërs 5:16](#), en effens anders gestel ook in [Kolossense 4:5](#) (weer die OAV).

Nou kyk, ek is baie lief vir die NAV (nie dat dit eintlik meer as 'n nuwe vertaling geld nie; dis reeds 36 jaar oud!). Dit is net soveel helderder vertaal as die OAV (wat 66 jaar oud is). Die oogmerk van die vertalers was 'n dinamies-ekwivalente

vertaling: ons as moderne lesers moet die boodskap van die oorspronklike skrywer kan hoor, al gebruik die vertalers ander beelde of omskrywing as wat in die oorspronklike teks gestaan het. Dit is goed en wel, en werk meestal wonderlik. Enige iemand wat die OAV en die NAV langs mekaar neersit, sal agterkom dat die NAV veel makliker op die oor val en baie verstaanbaarder is. Jy hoef nie dieselfde teks oor en oor te lees om te probeer sin maak van wat daar staan nie. Maar die gevaar met so 'n vertaling is dat die vertalers ter wille van duidelikheid soms te veel sê, en so juis die teks vir ons toemaak. En ek dink dis wat gebeur het met die vertaling van Paulus se woorde in [Efesiërs 5:16](#).

In die OAV lees ons in Efesiërs 5:16: "... en koop die tyd uit, omdat die dae boos is." Die NAV vertaal dit met: "Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd." Dis baie helder vertaal, maar is dit wat Paulus bedoel het, net dat ons die beste van elke geleentheid moet maak? Wil hy nie eerder sê ons met die beste van ons tyd maak nie? Ons moet ons tyd goed en reg bestuur nie? Suinig wees met ons tyd nie?

Dis die hele punt. Tyd is een van God se gawes aan ons wat ons moderne mense verloor het omdat ons dit misbruik. Ons dae is so propvol dat ons nooit tyd het nie. Ons val uit die bed soggens, jaag om betyds klaar te wees vir werk, en voor ons ons kom kry, val ons saans pootuit en hopeloos te laat in die bed vir 'n te kort nagrus. Is dit hoe God dit bedoel het? Selfs in sy skeppingsorde het Hy die ritme ingebou van die sabbat, sodat ons 'n dag in die week het om tot verhaal te kom en in Hom te rus. Dit gebeur helaas ook nie meer so maklik nie. Te dikwels is ons rusdag eintlik maar 'n inhaal-dag om die goed te doen waarby ons nie in die week uitgekom het nie.

Ek weet, ek weet. Werkgewers stel dikwels te hoë eise, en daaraan kan 'n mens seker min doen, behalwe om met die werkgewer oor jou portefeulje te gaan onderhandel, maar nie alle werkgewers sal 'n simpatieke oor hê vir jou probleem nie. Ek staan nie in jou skoene nie, so ek weet nie wat alles in jou "in-mandjie" lê en wag nie. Maar daar is aspekte van jou lewe waarvoor jy meer beheer het, en dalk kan jy daar aanpassings maak. Dis waarskynlik deel van wat Paulus bedoel het in Efesiërs 5:16. Ons moet die tyd uitkoop, want in hierdie bese dae kan ons dit so maklik mors op verkeerde goed. Hy sê juis in dieselfde gedeelte (in vers 17) dat ons moet probeer te wete kom wat die Here wil dat ons moet doen. Dis hoekom ons die tyd moet uitkoop.

Ons hét tyd, maar nie om dit te mors nie.

As jy die dag doodgaan

Iemand vra my nou die anderdag wat presies gebeur met 'n mens as jy doodgaan. My eerste reaksie was dat die woord “presies” nie in die vraag pas nie, want ons weet gewoon nie presies nie. Maar daar is darem ook heelwat wat ons wel weet. Ek noem 'n paar (en daar sal sekerlik nog ander dinge ook wees):

- Die **eerste** wat ons weet, is dat ons in die sterwensoomblik nie alleen is nie. Jesus belowe in [Johannes 14:3](#) dat Hy Self vir ons kom haal. Hy, nie sy engele nie. Want Hy het mos belowe dat Hy by ons is, al die dae, tot die voleinding van die wêreld (Matteus 28:20).
- Die **tweede** wat ons weet, is dat ons by God sal wees. Jesus praat daarvan as “die huis van my Vader” ([Johannes 14:2](#)), waar Hy vir ons gaan plek berei. Dit is nogal 'n merkwaardige manier om oor die hiernamaals te praat: 'n ouerhuis.
- Die **derde** wat ons weet, is dat ons God in die hiernamaals van aangesig tot aangesig sal sien ([1 Johannes 3:2](#)); dat ons deel sal wees van die skare verlostes wat Hom op sy troon aanbid en loof ([Openbaring 5](#)).
- Die **vierde** wat ons weet, is dat ons nie ná die dood engeltjies word nie, of geeste nie. Ons gaan steeds menslike liggame hê, hoewel dit gaan verskil van die een wat ons nou het. Paulus maak in 1 Korintiërs 15 'n hele argument daarvoor dat ons opstandingsliggaam soos dié van die Here Jesus se opstandingsliggaam sal wees, en Johannes sê in soveel woord dat ons “soos Jesus” sal wees ([1 Johannes 3:2](#)). Ons weet dat Jesus nie ná sy opstanding 'n gees was nie. Hy het 'n liggaam gehad waaraan sy dissipels kon vat, wat steeds die merktekens van sy kruisdood gedra het ([Johannes 20:27](#)). Hy het saam met hulle geëet, en hulle het Hom herken (hoewel nie dadelik nie, maar dalk was dit omdat hulle nie verwag het om Hom weer te sien nie). Ons gaan ook so 'n verheerlikte liggaam ontvang ná die dood.
- Die **vyfde** wat ons weet, is dat daar fees gaan wees. [Openbaring](#)

[19:7](#) praat daarvan as die “bruilof van die Lam.” Geen trane of hartseer of lyding nie (Openbaring 21). Wat ons gaan eet, weet ek nie, maar ek weet daar is vrugtebome in die hemel wat die hele jaar deur dra.

- Die **sesde** wat ons kan weet, is dat daar nie ’n doodslaap-periode tussen ons sterwe en die wederkoms sal wees nie. Johannes sien immers in die boek Openbaring mense in die hemel ([Openbaring 7:9-10](#)), en dit was vóór die wederkoms. Maar dit lyk my daar gaan twee fases wees: ná ons dood gaan ons hemel toe, waar ons sal bly tot met die wederkoms, wanneer ons saam met Christus gaan terugkom aarde toe om die nuwe hemel en die nuwe aarde te beërwe.
- Die **sewende** wat ons weet, is dat ons nie bloot individue in die hiernamaals gaan wees nie. In Openbaring 14:13 staan: “Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.” Dus: jy bly die mens wat jy hier op aarde is. Jy gaan nie in die hemel aankom sonder ’n verlede nie. Die verhoudings waarin jy staan, die mense vir wie jy liefhet, is almal deel van die mens wat jy is. Daarom gaan jy in die hiernamaals steeds omring wees deur geliefdes.
- Die **agste** wat ons kan weet, is dat daar nie ’n oordeel op ons wag nie ([Romeine 8:1](#)). Ons oordeel en straf is reeds in Jesus op Golgota voltrek. Ons sal dus nie voor die Regterstoel moet verskyn waar ons hele lewe soos ’n rolprent voor ons afspeel en ons moet verantwoording doen oor alles wat ons verkeerd gedoen het nie. Wat ons gaan hoor, is: “Mooi so!” ([Matteus 25:21](#)) en ([Matteus 25:34](#)): “Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.”

Dis seker eers genoeg. Ek raak nou sommer haastig om daar te kom! Daarom bid ek saam met die kerk oor die eeue heen (vgl. [Openbaring 22:20](#)): “Kom, Here Jesus, ja, kom gou!”